



Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410



042-273-1335
042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 26/06 2020

Geagte Ouers/Voogde

1. **Bedankings:**

- Groot dank aan Mariaan Landman van Spektrum vir die skenk van 30 spuitbottels vir die skool. Dit word opreg waardeer.

2. **Terugkeer van grade 1,2,3,6,10 en 11 op 6 Julie 2020:**

Die personeel is alreeds baie besig met die voorbereidings vir die veilige terugkeer van bogenoemde grade.

Graag rig ons 'n vriendelike versoek dat ouers wat die keuse uitoefen om NIE hul kind(ers) terug te stuur skool toe NIE, en self die verantwoordelikheid neem om hul kinders by tuisonderrig te registreer, die skool asseblief skriftelik in kennis moet stel teen Maandag, 29 Junie.

Wanneer genoemde grade op 6 Julie weer met formele onderrig begin, sal afstandsonderrig aan hierdie grade gestop word.

3. **Selfone:**

Selfone moet asseblief elke dag by die registeronderwyser ingegee word. Geen leerder mag gedurende skoolure 'n selfoon by hom/haar hê nie. Verkieslik moet selfone tuis bly.

4. **Covid-19:**

Geen persoon anders as leerders en beamptes (personeel) mag die skoolterrein betree sonder vooraf toestemming van die skoolhoof nie. Ouers moet asseblief die sekretaresse kontak vir 'n afspraak met die skoolhoof en personeel.

Ouers moet asseblief seker maak dat kinders met die regte maskers skool toe kom. Geen leerder sal op die skoolterrein toegelaat word sonder 'n masker nie. Skoolmaskers is teen R15 by Spektrum te koop.

Alle leerders wat van Hoërskool McLachlan en die Departement van Onderwys se busvervoerdiens gebruik maak, moet op die bus wees met 'n masker.

'n Leerder moet tuis bly indien hy/sy enige van die volgende simptome toon:

- Koors
- Hoes
- Rooi oë
- Asemhalingsprobleme



- Liggaamspyn
- Moegheid of swakheid
- Verlies aan reuk en smaak
- Naarheid
- Braking

Ouers moet die skool dadelik hiervan in kennis stel en 'n kliniek- of doktersertifikaat skool toe stuur.

5. **Finansies:**

Dit het onder ons aandag gekom dat sommige ouers onder die indruk verkeer dat hulle nie skoolfonds hoef te betaal vir die tydperk wat kinders nie fisies in die skool is nie. Die leerders ontvang deurentyd aanlynonderrig oor kurrikuluminhoud waarvoor hulle geëksamineer gaan word en wat bepalend gaan wees of hulle die graad gaan slaag, al dan nie. Onderwysers werk hard om leerders by te hou met die inhoud van die kurrikulum.

Volgens die skolewet is ouers verplig om skoolfonds te betaal terwyl hul kinders by HS McLachlan geregistreer is. Ons doen 'n ernstige beroep op ouers om hul finansiële verpligting teenoor die skool na te kom en so te verseker dat ons die deure kan oophou.

Ons wil ons opregte dank en waardering uitspreek teenoor ouers wat selfs te midde van moeilike finansiële omstandighede getrou hul skoolfonds betaal.

Bankbesonderhede: ABSA Joubertina

Takkode: 334415

Rekeningnommer: 1970 430047

**Verwysing: Ouer se naam en van
(Die verwysing is baie belangrik.)**

6. **Toelatings – 2021:**

Die sluitingsdatum vir aansoeke is soos volg:

Gr. 1: 17 Julie 2020

Gr. 2 – 11: 23 September 2020

Geen laat aansoeke sal oorweeg word nie. Indien u enige navrae het, skakel gerus mev. Daleen Strydom.

7. **Klerewinkel:**

Die klerewinkel is slegs op Donderdae vanaf 14:00 tot 14:30 oop. Alle aankope is streng kontant.

8. **Grannor Passi-projek:**

Hoërskool McLachlan loods weer in 2020 die Granor Passi-projek. Langkloofprodusente kan vrugte by die sapfabriek onder Hoërskool McLachlan se naam lewer. Die nommer waaronder u dit moet lewer, is **019**. Hierdie is 'n geleentheid vir die boerderygemeenskap om die skool te ondersteun. Ons skool het baie finansiële uitdagings en weet met hierdie projek sal u 'n groot verskil kan maak. Die inkomste van die projek sal direk deur Granor Passi in McLachlan se rekening inbetaal word.

Ons moedig produsente aan om aan hierdie projek deel te neem en sodoende 'n verskil te maak aan ons kinders se toekoms by Hoërskool McLachlan. Die skool

is die hart van die gemeenskap en met u bydrae sal ons sy voortbestaan kan verseker.

9. **WEN 'n KIA-PICANTO (2020)-fondsinsamelingsprojek:**

Inbetaling word by die registeronderwysers gedoen. Die laaste datum van inbetaling is **7 Augustus 2020**.

- ✓ U as ouer is verantwoordelik vir die boekie en indien u dit verloor, sal u aanspreeklik gehou word vir die inbetaling van R500.
- ✓ Leerders wat 'n tweede boekie wil verkoop, kan daarvoor vra na die eerste inbetaling.
- ✓ Die wenner van die Kia-Picanto (2020) word in Augustus aangewys.

S. Pienaar

S. PIENAAR

Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan

Posbus 3, Joubertina, 6410

Oos-Kaap, Suid Afrika

Tel: +27 (0) 42 273 1335

Fax: +27 (0) 42 273 1210



Hoërskool McLachlan

INTERNET
GENERATION



internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

McLachlan Internet Fasiliteit